Week 7 - Krag van die Gees

Hand 2 is 'n deurslaggewende gedeelte in die geskiedenis van die kerk

VOOR Handelinge 2	**NA Handelinge 2**
Die Kerk kom nog	Die Kerk is gevestig
Die Koningkryk kom nog.	Die Koninkryk het gekom
Die Gees kom slegs sporadies oor mense. Om weer te wyk	Die Gees kom woon op PERMANENTE wyse binne in elke gelowige

Nou na afloop van Handelinge 2:

1. God gee ons Sy Gees (1 Thess. 4:8),
2. Ons het die Gees wat in ons harte uitgestuur is (Gal. 4:6),
3. Ons is LEWEND gemaak deur die Gees (1 Pet. 3:18),
4. Ons het Heiligmaking deur die Gees (1 Pet. 1:2),
5. Ons word VERNUWE deur die Gees (Titus 3:5),
6. Ons het die WAARBORG deur die Gees (2 Cor. 5:5),
7. Ons het die eerstelinge(voorsmaak) v.d Gees (Rom. 8:23),
8. Ons het die gemeenskap van die Gees (2 Kor 13:14),
9. Ons het die gemeenskap van die Gees (Phil. 2:1),
10. Ons het die Vrug van die Gees (Gal. 5:22),
11. Ons het die Blydskap in die Gees (Rom. 14:17),(1 Thess 1:6)
12. Ons het die eenheid van die Gees (Efes. 4:3), en hulle wat verdeeldheid veroorsaak **het NIE die Gees nie** (Jude19).
13. Ons is verseël deur die Gees (Efes 1:13).
14. Ons dien God in die Gees (Fil. 3:3),
15. Ons het lief in die Gees (Kol. 1:8),
16. Ons BID in die Gees (Jude 20),
17. Ons verwag(het ons hoop) deur die Gees (Gal.5:5),
18. Ons het toegang tot die Vader deur die Gees (Efes. 2:18),
19. Ons is die woonplek (tempel) van die Gees (Efes. 2:22), (Rom.8:9).
20. Ons moet gedurig vervul word met die Gees (Efes. 5:18),
21. Ons word gelei deur die Gees (Rom. 8:14),
22. Ons word versterk deur die Gees (Eph. 3:16),
23. Ons het die hulp (voorsiening) **van die Gees** (Phil. 1:19),
24. Ons het die Krag van die Gees in ons lewens (Rom. 15:13),

Sodat ons is staat kan wees:

25. Om te Lewe volgens die Gees (Rom. 8:5), Gal 5:16-17
26. Om te Wandel deur die Gees (Rom. 8:1),
27. Om Getuies kan wees deur die Gees (Hand 1:8)
28. Om die Gelowiges toe te rus (Heb 13:21 ; Efes 4:12
29. Om die Gelowiges te volmaak(Heb 13:21)
30. Om wonderwerke te verrig (2 Kor 12:12)
31. Om te dien in die bedeling van die Gees (Rom. 7:6)

SONDAG

Dag 43 – KRAG OM TE LEWE DEUR DIE GEES

Gal 5:16-17 Maar ek sê: **Wandel deur die Gees**, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;
NLT - **Gal 5:16-17 -** *So I say,* ***live*** ***by the Spirit,*** *and you will* ***not gratify the desires of the sinful nature****. ....*
Gal 5:25 As ons **deur die Gees lewe**, laat ons ook deur die Gees wandel.
Gal 5:25 If we **live** by the [*Holy*] Spirit, …. [*If by the Holy Spirit we* ***have our life in God****, ……*

Griekse woord – "zao" - *1) to live, to* ***breathe****, be among the living (not lifeless, not dead) ; 2) to enjoy real life ;* ***to be in full vigour ; t****o be active, blessed, ; 3)* ***living water, having vital power in itself*** *and exerting the same upon the soul*

Eze 37:14 En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle **lewendig kan word**; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE, dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE.
. NV …. Sodat julle kan LEWE

Hebreeus– "**chayah**" to *live*, to *revive:* keep (leave, make) alive, give (promise) life, (let, suffer to) live, nourish up, preserve (alive), quicken, recover, repair, restore (to life), be whole.

1. Die LEWE HET BEGIN toe ons JESUS aangeneem het
Joh 11:25 Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook;- **Joh 11:25**

2. 'n LEWE VAN GELOOF DEUR DIE GEES
en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê. **- Gal 2:20**
Maar die regverdige sal deur die GELOOF LEWE - **Heb 10:38** ; **Rom 1:17** dié wat glo, kinders van Abraham is. - **Gal 3:7**

3. 'n LEWE ONDER GENADE, NIE onder die WET nie.
Rom 8:2 Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.
Die wet van die sonde en dood, sou ons veroordeel en doodgemaak het , maar die Wet van die Gees van die Lewe gee ons genade en geregtigheid.
Rom 8:10 Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.

4. DIE HEILIGE GEES BEVESTIG DIE LEWE
Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. . **1Jo 4:13**

Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;
- **Rom 8:16**

5. LEWE VOLGENS DIE GEES

1Pet 4:6 Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die gees.

a. <u>SY INSTRUKSIES (</u> SY WOORDE)

Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. (**Joh 6:63**).

b. <u>SY BEGEERTES</u>

i. DIE VERKEERDE BEGEERTE:

Rom 8:5 Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. - **Rom 8:5** ……

Rom 8:6 Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, ….**Rom 8:6**

Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, …. dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

Efes 4:17-18 *Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie— [18] mense wat verduisterd is in die verstand en **vervreemd van die lewe van God** deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart;*

ii. DIE REGTE BEGEERTES

Rom 8:5 Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.

AMPL - **Rom 8:5(b)** *…. but those who **<u>are</u>** according to the Spirit and **<u>are controlled</u>** by the desires of the Spirit **<u>set their minds</u> on** and **<u>seek</u> t**hose things which gratify the [Holy] Spirit.*

<u>4 KENMERKE VAN HULLE WAT LEWE IN / DEUR DIE GEES</u> :

(1)….<u>die wat</u> GEESTELIK IS – dui op Wie en wat ek is, my welstand.

(2) …<u>die wat</u> BEHEER WORD deur die Gees - Onder Sy beheer, leierskap, bestuur. **Rom 8:9** - *julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.*

(3) <u>die wat</u> hulle GEDAGTES OP HOM GERIG het - *maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede*,- **Rom 8:6(b)…..***Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.* - K**ol 3:2**

(4) **<u>die wat</u> DIE DINGE SOEK wat die Gees bevredig**. – My begeertes, en wat ek soek moet Sy begeertes wees

Kol 3:1 *As julle dan saam met Christus opgewek is, **soek die dinge daarbo** waar Christus is en aan die regterhand van God sit.*

ONS IS NOU BEKWAAM GEMAAK …as dienaars van 'n nuwe testament, - 2Kor 3:6

<u>Gebed :</u>

Vader baie dankie dat ons kan LEWE deur die Krag van die Heilige Gees. Help ons dat ons GEESTELIKE mense sal wees, onder die BEHEER van die GEES met ons GEDAGTES op U gerig besig om die dinge te soek wat DAARBO is, bekwaam as goeie dienaars van U. Amen

MONDAY

Dag 44 – KRAG OM TE WANDEL DEUR (IN) DIE GEES

Gal 5:16-17- *Maar ek sê:* ***Wandel deur die Gees,*** *dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;*
... **Walk in the Spirit**, and ye shall **not** fulfil the lust of the flesh. (**KJV**)

Griekse woord - "peripateo" - om te wandel, loop, stap, trap
Eng: to walk ; tread all around
1. to make one's way, to **progress;**
2. to **make** due **use of opportunities**;
3. to **conduct one's self** -
4. **to pass one's life – to be occupied with**

1. OM TE WANDEL VOLGENS DIE GEES SE INSTRUKSIES

God se belofte in Eseg 36:27 *En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.*

HEBREEUS - "yalak" - om te gaan, om te wandel, **Eng**: to depart, to move to proceed, , to go away ; to lead, bring, lead away, carry, to **cause to walk** Net soos Dawid - **1 Kon 9:4;** soos Samuel **- 1 Sam 2:35 ; Lees: 2 Tim 3:16**

2. OM TE WANDEL "IN PAS MET" DIE HEILIGE GEES

Gal 5:25 As ons deur die Gees lewe, **laat ons ook deur die Gees wandel.**
(ALT) Since we are **living in** ***[or, by]*** **the Spirit**, let us also be **keeping in line with** *[fig., be living in conformity with]* the Spirit.
(AMP) If we live by the [*Holy*] Spirit, let us also **walk by the Spirit**. [*If by the Holy Spirit we have our life in God, let us* ***go forward walking in line****, ….*

Grieks - "stoicheo" - om ordelik te wandel ; **Eng:** to **walk orderly -** to proceed in a row as the march of a soldier, go in order...- **to go on prosperously**, **to turn out well - to direct one's life,……. to live …..**

Dit beteken om "IN PAS TE BLY" MET DIE HEILIGE GEES …..

3. OM TE WANDEL ONDER GEKONTROLEERDE BEHEER

(GNB) The Spirit has given us life; **he must also control our lives.**
AMPL - our conduct controlled by the Spirit*.*
Hand 13:9 *Maar Saulus, dit is Paulus, vervul met die Heilige Gees, het die oë op hom gehou en gesê:…*AMPL - **Act 13:9** But Saul, …called Paul, **filled with** and **controlled** by the Holy Spirit, looked steadily at [*Elymas*] ….
(WNT) *If we are living by the Spirit's power,* ***let our conduct also be governed by the Spirit's power.***

4. OM TE WANDEL SOOS WAT DIE GEES LEI

(CEV) God's Spirit has given us life, and so **we should follow the Spirit.**
(NLT) If we are living now by the Holy Spirit, **let us follow the Holy Spirit's leading in every part of our lives.**
ISV) If we live by the Spirit, let us also **be guided by** the Spirit
Psalms 23:1-3 … Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, **lei Hy** my heen. Hy verkwik my siel; **Hy lei** my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.…

5. OM TE WANDEL VOLGENS SY(DIE GEES SE) NATUUR

a. **NIE volgens die WERELD – Efes 2:1-2** En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, … in time past **ye walked** according to the course of this world, (KJV) **Eph 2:1-2**

1Joh 2:16-17 …. Want alles wat in die wêreld is….
1. die begeerlikheid van die vlees - [*begeerte na sensuele bevrediging*]
2. en die begeerlikheid van die oë -[*gretige verlange van die verstand*]
3. en die grootsheid van die lewe - [*die versekering wat ons eie bronne of vermoëns ons bied, of stabiliteit van aardse dinge*]- is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.
1Jo 2:17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, **maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.**

b. **NIE volgens die VLEES**

Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.[4] sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat **nie na die vlees wandel nie**, maar na die Gees. ….**Rom 8:5** Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.

c. **NIE volgens ONS DENKE**

Jer 10:23 Ek weet, o HERE, dat aan die mens sy weg nie toebehoort nie; **nie aan 'n man om te loop en sy voetstappe te rig nie.**
Jer 10:23 - O LORD, I know that the way of man ***is* not** in himself: *it is* not in man **that walketh to direct his steps.** (KJV)
Hebreeus – "kuwn" - om vas te wees , ferm te wees, stabile te wees , **ENG:** to be firm, to be stable, to be established ; to be directed aright, to be fixed aright, be steadfast ; to be ready; to be prepared, to establish, set up, to accomplish, do, make firm ; to fix, make ready, prepare, provide, provide for, furnish; to direct toward ; to arrange, to order; to **be restored**

d. **MAAR VOLGENS DIE GEES**

1. **In die WYSHEID van die Gees** - Pred 10:10 ; Jak 1:5
2. **In GEREGTIGHEID -** Spr 11:5
3. **In die VREUGDE VAN DIE HERE -** Psa 37:23-24

Efes 2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

AMPL - *For **we are God's [own] handiwork** (His workmanship), recreated in Christ Jesus, [born anew] that we may **do those good works** which God **predestined (planned beforehand**) for us ……*

(MSG) Since this is the kind of life we have chosen, the life of the Spirit, let us make sure that we do not just hold it as an idea in our heads or a sentiment in our hearts, but **work out its implications in every detail of our lives.**

***GEBED** : Vader om te lewe en te wandel in die Gees is wat ons gekies het, help ons dat dit nie net 'n idée in ons kop, of 'n goeie sentiment in ons harte sal wees nie maar dat die besonderhede daarvan sal uitwerk in ons lewens.*

DINSDAG

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Gebed *: Here gee my die krag om U getuie te wees en nie skaam te weesvir my Christenskap nie ; Mag my lewe menigte ander nader na U toe bring. Amen*

Dag 45 - KRAG OM 'n GETUIE TE WEES

Hand 1:8 …*maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en* ***julle sal my getuies wees*** *in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.*

Grieks—"martus" = 'n getuie te wees, Eng: a *witness* - by analogy ('n martelaar) a "martyr": - to give record, to witness.

Stefanus was die eerste "martelaar " vir Jesus - Hand7:59 *En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy die Here aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees!* **Ons moet onsself die vraag afvra " IS ONS BEREID OM TE STERF VIR DIT WAT (en in WIE) ons GLO**?"

Soos Sadrag, Meshag, and Abednego in Dan 3:17-18 - *As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos;* [18] ***maar so nie****, laat dit u dan bekend wees, o koning,* ***dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.***

JESUS HET DIE VOLGENDE GESê:

Luk 6:38 - ***Gee, en aan julle sal gegee word****. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.*

Message - Give away your life*; you'll* ***find life given back****, but not merely given back--given back with bonus and blessing.* ***Giving, not getting, is the way. Generosity begets generosity."***

Luk 17:33 Elkeen wat probeer om **sy lewe te red**, sal dit verloor; en **elkeen wat dit verloor,** sal dit behou…

Message: Luk 17:33 *If you grasp and cling to life on your terms, you'll lose it, but if you* ***let that life go****, you'll* ***get life on God's terms.***

PAULUS SE GETUIENIS:

Gal 2:20 *Ek is met Christus gekruisig, en* ***ék leef nie meer nie****, maar* ***Christus leef in my****. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.*

Hand 10:39-42 *En* ***ons is getuies*** *van alles wat Hy gedoen het ….*[40] *Hom het God op die derde dag opgewek en beskik dat Hy sou verskyn* [41] *nie aan die hele volk nie,* ***maar aan getuies*** *wat deur God vantevore verkies was,* ***aan ons*** *wat met Hom saam geëet en gedrink het …..*[42] *En Hy het ons bevel gegee om* ***aan die volk te verkondig*** *en* ***met krag te betuig*** *dat dit Hy is wat deur God bestem is as Regter van lewende en dode.*

TWEE ASPEKTE VAN "GETUIE" WEES :

a. **PREDIKING** – Ons het 'n opdrag om die evangelie te **verkondig** – **Jes 61:1 ; Luk 4:18 ; Mark 16:15 ; Rom 1:1**

b. **GETUIENIS LEWER** – Jou getuienis is die beste evangelisasie gereedskap om ander te bereik – Om ander te vertel wat God vir jou persoonlik gedoen het. – **Hand 2:40** ; **1Joh 4:14**

Open 1:2 … wat **getuig het van die woord** van God en die **getuienis van Jesus Christus** ***ALLES WAT HY GESIEN HET.***

WOENSDAG

Dag 46 – *KRAG OM TE VOLMAAK / POWER TO PERFECT*

Efes 4:11-12 *En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, 12 om die **heiliges toe te rus** vir hulle dienswerk, **tot opbouing** van die liggaam van Christus,*

AMPL - Eph 4:11*… His intention was the **(1) perfecting** and the **(2) full equipping** of the saints (His consecrated people), **[that they should do] the work of ministering toward building up Christ's body (the church),***

Dit is die 1ste DOEL(TAAK) van die 5 VOUDIGE BEDIENING-

NLT - Eph 4:11 ***He (God)** is the one who gave these gifts to the church: (AND).. Their **responsibility** is to (**PERFECT**) and "**EQUIP**" God's people to do HIS work and **BUILD UP** the church, the body of Christ,*

1. <u>VOLMAKING (PERFECTING)</u>

Mat 5:48 Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is…..**Mat 5:48** *Be ye therefore **perfect**, even as your Father which is in heaven is **perfect**.*

GREEK – "teleios"-to be ***complete*** , **full growth** (maturity), to become **of full age**, **complete** in mental and moral character, *completeness:* - a perfect man

Die bewys van die Heilige Gees in ons lewens is dat ons mekaar kan help :

1. OM AAN NIKS KORT TE KOM NIE

Jak 1:2-4** Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, 3 omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. 4 Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, **sodat julle volmaak** en sonder gebrek kan wees en **in niks kortkom nie.

"Geduld" is een van die "vrugte" van die Gees wat ontbreek in die meeste van ons , veral wanneer ons wag op die vervulling van God se beloftes in ons lewens; en wanneer ons beproewings en versoekings in die gesig staar wat ons nie weet hoe om te hanteer nie. DIT IS HIER waar ons mekaar kan help ... .In die "**HOE** "

2. **OM VOL TE WEES VAN GOD SE WOORD**

2Ti 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,
2Ti 3:17 sodat die mens van God **volkome kan wees**, vir elke goeie werk **volkome toegerus.**

3. OM ONS VOLLE POTENSIAAL IN CHRISTUS TE BEREIK

Selfs Paulus weet dit is 'n aanhoudende proses: hy skryf in **Fil 3:12** *Nie dat ek dit al verkry het **of al volmaak is nie**, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is…..*

Efes 4:16 *uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.*

4. OM IN LIEFDE EN VREDE TE LEWE

Paulus skryf in 2Kor 13:11 - Verder, broeders, wees bly; **word volmaak;** laat julle vermaan; wees eensgesind; hou vrede, **en die God van liefde en vrede sal met julle wees.**

Petrus skryf aan die kerk 1Pet 5:10 - En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle **volmaak**, bevestig, versterk en grondves!
(He is busy and will) ***make you perfect (****what you ought to be), stablish, strengthen,* ***settle you****.*
Ons moet nie VREES nie , maar liewer (groei om volmaak te wees in liefde)
1Joh 4:12 …. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword…. *But* ***if we love one another****, God abides (lives and remains) in us and* ***His love*** *(that love which is essentially His****) is brought to completion*** *(to its* ***full maturity****, is perfected) in us!* - **1Jo 4:12**

1Joh 4:18 - *Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die* ***volmaakte liefde*** *dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het* ***nie volmaak geword in die liefde nie****.*

2Tim 1:7 *Want God het ons nie 'n* ***gees van vreesagtigheid*** *gegee nie, maar ('n gees)van krag en* ***liefde*** *en selfbeheersing.*

5. OM MEKAAR MET GOEIE RAAD TE BEDIEN
Job 12:13 By Hóm is wysheid en mag; Hy het raad en verstand.
Maar God het ons gekies om mekaar te bedien
Kol 1:28 Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, **om elke mens volmaak** in Christus Jesus voor te stel; ….. *; that* ***we may present every man perfect*** *in Christ Jesus:*

6. OM MEKAAR TE HELP TOT VOLHEID VAN GELOOF
1Thess 3:10 - terwyl ons nag en dag baie ernstig bid om julle aangesig te sien en te voltooi wat aan julle geloof ontbreek?

GELOOF sonder die Werke is dood– Abraham stel die voorbeeld:
Jak 2:22 - Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die **geloof volkome geword** het uit die werke?

7. OM MEKAAR TE HELP OM GOD TE BEHAAG
Heb 13:20-21 - *Mag die God van die vrede, ..* ***julle volmaak*** *in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.*
Paulus skryf in Fil 4:18 - Maar ek het alles ontvang, en ek het oorvloed. Ek het dit volop noudat ek van Epafrodítus ontvang het wat deur julle gestuur is, 'n lieflike geur, 'n welgevallige offer, **welbehaaglik by God.**

8. **OM ONS TE HELP OM SELFBEHEERSD TE WEES - Jak 3:2** - *Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n* ***volmaakte man****, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou.*
(1 Kor 7:7-9 ; Gal 5:23 ;1 Tim 2:15 ; 2 Tim 1:7 ; 2 Pet 1:6)

Gebed*: Dankie Here dat U in ons werk en ons bring tot VOLMAAKTHEID , maar dat U ook DEUR ons werk om ander te kan help tot volmaaktheid. Amen*

Dag 47 – KRAG OM TOE-TE-RUS

DONDERDAG

Eph 4:11-12 En Hy het (die 5 voudige bediening) gegee ….**om die heiliges TOE TE RUS** vir hulle dienswerk, **tot opbouing van** die liggaam van Christus, ….(Message) …His intention was (1) **the perfecting** and (2) the **full equipping of the saints** (His consecrated people), …..

Die 2de **doel van die "gawes"** is:

a. **" om die heiliges TOE TE RUS** vir hulle dienswerk **"**
b. **" tot opbouing van** die liggaam van Christus **"**

GNB - Eph 4:12 *He did this **to prepare all God's people** for the work of Christian service, **in order to build up** the body of Christ.*

Efes 2:19-22... *beskryf ons om te wees (1)* **medeburgers** van die heiliges en (2) **huisgenote** van God, 20 gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, 21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, 22 in wie julle ook saam opgebou word tot (3) 'n **woning van God** in die Gees.

1Kor 3:9-11 *beskryf die kerk (God se mense) om medewerkers van God; (te wees) (1)**die akker** van God, (2) **die gebou** van God is julle.(ons)*
10 Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek (Paulus) soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. 11 Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.

A. JESUS het gesê - "EK SAL MY KERK BOU"...

1. Jesus het 'n belofte gemaak in **Matt 16:18** ("op hierdie rots sal Ek my kerk bou") en hierdie belofte het NIE net te doen met die "**STIGTING**" van die kerk nie, maar ons glo dat Hy nog steeds besig is om **SY KERK TE BOU**
2. As die "HOOF" van die Liggaam , die kerk (**Efes 1:22,23**), moet dit ons nie verbaas dat Jesus nogsteeds besig is om Sy kerk "**UIT TE BREI**" nie!

B. VOORBEELDE HIERVAN

1. Jesus sê (aan sy dissipels)en aan ons dat (hulle) ons KRAG sal ontvang om SY getuies te wees – **Hand 1:8**
2. Die Here het gewag tot duisende mense saam vergader was in Jerusalem toe Hy Sy Gees uitgestort het , en Petrus sy eerste preek lewer en 3000 het tot bekering gekom**.** - **Hand 2**
3. Philipus was gestuur na Gaza waar hy die ontmande Ethiopier ontmoet - **Hand 8:26-28**
4. Die Here maak dat Saulus en Ananias bymekaar kom - **Hand 9:10-18**
5. Die Here maak dat Cornelius die evangelie vanaf Petrus hoor - **Hand 10**
6. Die evangelie is versprei in Europa (deur die bekering van Lydia sowel as die Tronkbewaarder in Fillipi) nadat Paulus die "Masedoniese oproep" ontvang het - **Hand 16**
7. In elke voorbeeld van bekering in Handelinge, het die Here vir iemand die geleentheid geskep om die evangelie te hoor.

Dit is die rede waarom God in die" **toerusting van Gelowiges vir hul dienswerk** " glo, want die kerk moet nie net in "**GETALLE**" groei nie , maar die kerk moet ook groei in **VOLWASSENHEID.**

1. **TOERUSTING VAN GELOWIGES**

Heb 13:20-21 - God wat vrede gee, …[21] Mag dié God julle **TOERUS** met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is…..

Ons moet elke lidmaat help :

1. **OM HULLE GAWES TE ONTDEK (Sien DAG 35)**

1 Kor 12:8-10; 1 Kor 12:28; Rom 12:3-8 ; Efes 4:8-14
Hand 7:60; 1 Kor 7:7 -8 ; Psalm 150:3-5 ; 1 Pet 4:9 ; Ex 31:3
Elke lidmaat moet erken dat hy/sy 'n bediening het.

2. **OM DIE GAWES AAN TE WAKKER**

Paulus herinner Timotheus … **2Ti 1:6** Om hierdie rede herinner ek jou daaraan **om die genadegawe van God aan te wakker** wat in jou is deur die oplegging van my hande. **…** ***to stir up*** *(rekindle the embers of,* ***fan the flame*** *of, and keep burning) the [gracious] gift of God, [the inner fire]* ***that is in you*** *…..***2Tim 1:6**

And let us consider and give attentive, continuous care to ***watching over one another****, studying* ***how we may stir up (stimulate and incite)*** *to love and helpful deeds and noble activities, ….***Heb 10:24-25**

3. **ONS MOET MEKAAR TOERUS - Efes 4:13-14**

[*Die "LIGGAAM VAN CHRISTUS" moet ten volle ontwikkel*] totdat :
1. totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof
2. en van die kennis van die Seun van God,
3. tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;
4. sodat ons nie meer kinders sou wees nie ….

DAAROM MOET ONS:

1) gehoorsaam wees, bereid tot elke goeie werk; - **Tit 3:1**
2) sorg kan dra om goeie werke voor te staan; - **Tit 3:8**
3) om vir die noodsaaklike behoeftes goeie werke voor te staan, sodat hulle nie onvrugbaar mag wees nie. - **Tit 3:14**
4) Ek het 'n verantwoordelikheid om " my bediening te vervul ", maar ek moet ook dink oor hoe ek kan bydra tot " toerusting van ander heiliges vir bediening "

TOERUSTING/ OPBOU VAN DIE KERK

1Th 5:11 Daarom, bemoedig mekaar en **BOU DIE EEN DIE ANDER OP**, soos julle ook doen.
Rom 15:2 Want elkeen van ons moet die naaste behaag met die oog op wat goed is **TOT STIGTING**.
Rom 14:19 Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge **STIGTING** dien.
2Tim 3:16-17 Die hele Skrif is deur God ingegee [17] sodat die mens van God **volkome kan wees**, vir elke goeie werk **VOLKOME TOEGERUS.**

VRYDAG

THE CHURCH IS SUPPOSED TO BE A POWER DEMONSTRATING GATHERING OF PEOPLE

_____

DIE KERK IS VERONDERSTEL OM 'n KRAG DEMONSTRERENDE VERGADERING VAN MENSE TE WEES.

_____

_____

_____

_____

Jak 5:14-15 *Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.* [15] *En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.*

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

GEBED : Dankie Vader vir U Krag in ons lewens en dat ons nie mense hoef te beindruk deur ons woorde nie, maar eerder U Woord kan bevestig deur die betoning van Gees en "dunamis" wonder werkende krag.

Dag48 – *DEMONSTRASIE VAN KRAG (Sien dag 34)*

1Kor 2:4-5 en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in **die betoning (demonstrasie) van gees en krag**, [5] sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God.

Die Gees het in die OU TESTAMENT oor die gesalfdes van God, vaardig geword in demonstrasie van Krag, soos bv: …
MOSES (**Ex 14:22**; **Ex15:25**; **Num 20:11 ens)**
ELIA –1 Kings 17:16 ; **1 Kings 17:22**; **1 Kon 18:37)**
ELISA – 2 Kon 2:14 ; **2 Kon 2:22** ; **2 Kon 3:20** ; **2 Ki 4:35** ; **2 Kon 5:14**
SELFS SAUL - 1Sam 10:10 *Nadat hulle daar by Gíbea gekom het, ontmoet hom meteens 'n groep profete, en **die Gees van God het oor hom vaardig geword**, sodat hy onder hulle geprofeteer het.*

Hoeveel te meer moet ons nie opereer in 'n Demonstrasie van Krag aangesien die Gees (PERMANENT) IN ons woon.
Die belofte aan ons in **Hand 2:17**:. *"sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees"* ….l.w *"**ALLE VLEES**"* is beperk tot **alle gelowiges** wat die naam van die Here aanroep.
1Kor 4:20 leer ons - …want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in **krag.**
Mar 16:17-18 ***En hierdie tekens sal hulle volg WAT GLO ….;***

- *In My Naam sal hulle **duiwels uitdryf**; - Matt 9:33; Mark 1:34 ; Mark 7:26; Matt 10:8 ; Mark 3:14-15; Luk 11:20 ;*
- *met **nuwe tale sal hulle spreek**; - Soos ons alreeds gesien het in Hand 2; Hand 10:46 ; Hand 19:6*
- **slange sal hulle opneem**; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; - **Soos met Paulus gebeur het in Hand 28:3-6** *….. They kept expecting him to drop dead, but when it was obvious he wasn't going to, they jumped to the conclusion that he was a god!*
- *Hulle sal **hande op die siekes lê**, en hulle SAL gesond word. – Demonstrasie van krag deur die Apostels* – (Hand 3:6) **Petrus en Johannes** ; (Hand 5:16) **Petrus** (Hand 6:8) - **Stefanus**, (Hand 8:6-13) **Philipus** (Hand 14;9 ; Hand 19:11; Hand 20:10 ; Hand 28:8) **Paulus:**

ONS HET GAWES ONTVANG - "***GOD GEE*** "…

- *Aan die een **gee Hy** die krag om wonders te doen, ….* **(1Kor 12:10)**
- *En in die kerk is daar mense aan wie God **'n bepaalde taak** gegee het. …. dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak, ….(***1Kor 12:28**)

DIE GAWES BRING GETUIENIS
Hand 15:12 *En die hele menigte het geswyg en na Bárnabas en Paulus geluister, terwyl hulle **van al die tekens en wonders vertel** wat God deur hulle onder die heidene gedoen het.*

Heb 2:4 *… terwyl God ook nog **saam getuig** het deur **tekens en wonders** en allerhande kragtige dade en bedélinge van die Heilige Gees volgens sy wil?*

Dag 49 – KRAG VAN OUTORITEIT

SATERDAG

Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee **alle mag** in die hemel en op aarde.
AMPL - Mat 28:18 *… All **authority** (all power of rule) in heaven and on earth has been given to Me.*

Petrus bevestig dit : Aan Hom die heerlikheid en **DIE KRAG** tot in alle ewigheid! Amen….. *To Him be the **dominion (power, authority, rule)** forever and ever. Amen .* **1Pet 5:11**

Maar Jesus het vir Sy dissipels gesê, wat Hy ook vandag tot ons spreek, nl: **Luk 10:19** *Kyk, Ek gee aan julle die **mag** om op slange en skerpioene te trap, en oor al die **krag** van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.*
God het aan die gelowige oorwinning en outoroiteit gegee in beide die Natuurlike sowel as die Geestelike realm : **Efes 1:19-23**, **(sodat julle kan weet en verstaan)** *..en wat die uitnemende **grootheid van sy krag** is vir ons wat glo, na **die werking van die krag** van sy sterkte [20] wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, [21] **bo alle owerheid en mag** en **krag en heerskappy** en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.* [22-23] En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.

OUTORITEIT GEDEFINIEER
OUTORITEIT, **Grieks – "*exousia*"** = voorreg ; krag , kapasiteit , bevoegdheid , vryheid , magistraat , gedelegeerde invloed : - outoriteit , jurisdiksie , vryheid , krag , reg , sterkte - Die waarde daarvan hang af van **die krag** (outoriteit) **agter** die **gebruiker** .
Soos 'n verkeersbeampte wanneer hy 'n 10 ton vragmotor tot stilstand bring, nie in sy eie (dunamis) krag nie, maar in die (exousia) mag en gesag aan hom gegee deur die Regering .
Die gelowige wat ten volle bewus is van die **GODDELIKE KRAG agter hom ,** en van **sy eie OUTORITEIT** daarby, kan die vyand in die gesig staar sonder vrees of huiwering .
"Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie , maar teen die **owerhede** ... , teen die **magte** ("exousias", the authorities)." (**Efes 6:12**) . Maar , agter die " **GESAG** " wat besit word deur die gelowige , is daar 'n " **KRAG** " oneindig groter as dié van sy vyande, en wat hulle verplig is om te erken .

VOORBEELDE VAN OUTORITEIT:

1. **Luk 9:1** en **Mar 3:14-15** *Jesus het die twaalf bymekaargeroep en aan hulle mag en gesag gegee om alle bose geeste uit te dryf en siektes te genees.*
2. **Petrus het opgetree in daardie Outoriteit in Hand 4:10** … laat dit bekend wees … dat deur die (Outoriteit van die) Naam van Jesus Christus, … hierdie man gesond voor julle staan.

LEES OOK : Hebr.2:5-8;
Luk 10:17-19; Efes 2:6 & Efes 4:27;
Joshua 1:3; **2 Kor 10:4-5**;
Open 12:11; **1Joh 4:4** ; **1 Joh 5:4-5;**
Rom 8:37; **Deut 28:7-13**.

Om te sien WIE jy is, en WAT JY HET in Christus JESUS

AREAS WAAROOR GELOWIGES OUTORITEIT MOET UITOEFEN:

A. Lewe en Voorspoed - Joh 10:10; Deut 30:15 & 19; 3 John 2; Jer 29:11). Jesus het gekom sodat ons **lewe in oorvloed** mag ervaar meer as wat ons ooit kon ervaar buite Hom . Dit het te doen met elke area van ons lewe - geestelik , verstandelik , emosioneel , fisies en op materiele vlak.

B. **Gesondheid en Heelheid - (Jes 53:3-5; Ps 103:1-5; Rom 8:11).** "Deur Sy wonde is ons genees" ; Dieselfde Gees wat Jesus uit die dode opgewek het, sal ons sterflike liggame lewendig maak

C. **Finansies - (2 Kor 9:6-8; Mal. 3:8-10; Fil 4:18-19; Deut 8:11-20).** "Dit is Hy wat Krag gee om rykdom te verwerf (**Deut 8:18) MAAR** Ons kan nie verwag dat God ons moet seen of ons daaglikse behoeftes moet voorsien indien ons nie GETROU is in ons GEE nie.

D. **Redding van ons Familie en vriende - Hand 2:38-39; Hand 16:31; Jes. 59:21.** Kom ons vertrou dat God die' kan bereik "wat daar ver is" (**Hand 2:39**).

E. **Groei van die Liggaam van Christus (Jes 43:5-7; Hand 2:39; Efes 4:16; Hand 2:47).** Hy het ons "verordineer" om te **GAAN** en **VRUG TE DRA** (en te vermenigvuldig) en dat ons **VRUG KAN BLY** " (**Joh 15:16**) . Let op, ons moet GAAN ten einde te kan groei en vermeerder .

F. **Vrede en Blydskap (Joh 14:27; 16:33; Efes 2:14;Jes 26:3; Fil 4:6-7; Joh 16:23-4; Jes. 35:10; 52:9; 60:5; 1 John 1:4).** God wil jou vrede en vreugde gee, selfs wanneer dit nie 'n werklikheid in jou lewe is nie. Daar is tye wanneer ons moet " UitBreek in Gejubel " (**Jes 52:9**), selfs al is daar niks om oor BLY te wees nie.

IMPLIMENTERING VAN ONS OUTORITEIT AS GELOWIGES , vanuit die Geestelike (hemelse) realm, in die realm van realititeit **(Efes 1:19-23; 2:6; Jos 1:3; Efes 4:27; Matt. 4:8-10; Kol. 2:15).**

a. Volharding en dissipline - (2 Tim 4:6-8; Gal 6:9; Luke 18:1).
b. Kies lewe (Deut 30:19). … en jy sal lewe
c. Visualiseer jou oorwinning (Joh 5:17 & 19; Rigt 6:11-12; Spr 29:18).
d. Beoefen Geloof (2 Cor 5:7; Hebr 11:1; 6:13-15; Rom 4:18-21).
e. Kry 'n VISIE - (Proverbs 29:18 and Hebrews 12:2). PAulus het sy oog op die prys gehou (**Fil 3:14**).
f. Eis jou beloftes - (Jos 1:3). Staan op die beloftes, verklaar "dit is myne" deur die outoriteit van Sy Woord en die God, who cannot lie (Hebrew 6:18).
g. Weerstaan die vyand- (1Pet. 5:7-9 en Jak 4:7-8). "ons moet die vyand weerstaan in geloof, alle negatiwiteit, alles wat teen ons kom; alles wat teenstrydig is met die Woord en God se beloftes
h. Neem Aksie (Mark 2:5 en Jak 2:17-19). "Geloof sonder die werke is dood" (**Jak 2:17**). Jesus het die geloof gesien van die wat verlamde laat sak het (**Mark 2:5**). Die Woord moet verenig wees met Geloof om tot ons voordeel te dien (**Hebr 4:2**).

Dag 50 – KRAG OM OORVLOEDIG TE WEES

SONDAG

Rom 15:13 - En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!

*AMPL - … that by **the power of the Holy Spirit** you may **abound and be overflowing** (bubbling over) with **hope.***

Ons (as persoon en die Kerk as geheel)KAN VERVUL WEES tot OORLOPENS TOE

Paulus bid in Efes 3:19-… sodat julle vervul kan word **TOT AL DIE VOLHEID** van God.

Eph 1:22-23 En Hy het alle dinge onder sy(JESUS) voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,

Eph 1:23 wat SY LIGGAAM is, DIE VOLHEID VAN HOM WAT ALLES IN ALMAL VERVUL.

MET GOD WAT "IN"ONS WERK, kan ons OORVLOEDIG WEES

Paulus skryf in Efes 3:20 - En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens **DIE KRAG WAT IN ONS WERK**, …… *[**carry out His purpose** and] do **superabundantly, far over and above** all that we [dare] ask or think [infinitely beyond our highest prayers, desires, thoughts, hopes, or dreams]--*

NOU VERSTAAN ONS DIE WOORDE VAN JESUS in Joh 7:37-38 … As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! 38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

ONS KAN NET OORVLOEI MET DIT WAARMEE ONS GEVUL IS:

Luk 6:45 *Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is; want uit die oorvloed van die hart spreek sy mond.*

DIE KERK IS VERONDERSTEL OM MEKAAR TE HELP GROEI (ONTWIKKEL) totdat ons kom by:

a. Volkome eenheid in Geloof – Joh 17:23 ; Efes 4:13
b. Volkome [*full and accurate*] kennis van die Seun van God – Job 36:4
c. Volwassenheid ; Volheid van (Sy) persoonlikheid (in ons)
d. die mate van die VOLLE GROOTTE van Christus (**Efes 4:13**)

ONS MOET DIE KRAG Hê OM OORVLOEDIG TE WEES!!!

1. OORVLOEDIG IN LIEFDE

1Thess 3:12 en mag die Here julle ryk en **oorvloedig** maak in liefde vir mekaar en vir almal, soos ons ook teenoor julle is,

2Kor 2:4 Want uit groot verdrukking en benoudheid van hart het ek aan julle geskrywe, …. dat julle mag weet van die liefde wat ek **oorvloedig** vir julle het.

\108+_____

Volkome hart (**Jes 38:3**);
Volkome weg (**Ps18:32**);
Volkome werke (**Open 3:2**) ;
Volkome blydskap (**Joh 3:29; Joh 15:11; Joh 16:24; Joh 17:13; 2 Joh 1:12 ; 1 Joh 1:4 ; Fil 2:2**) ;
Volkome Hoop op Genade(**1Pet 1:13**);
Volkome Geloof(**Jak 2:22**)
Volkome sekerheid (**Heb 6:11**)
Volkome toegerus (**2Ti 3:17**)
All werk van die Geloof met Krag volkome maak (**2Th 1:11**)
Volkome Heilig (**1 Thess 5:23**)
Volmaak en volkome in Sy wil (**Kol 4:12**)
Volkome gehoorsaamheid (**2 Kor 10:6**);
Volkome goeie gewete (**Hand 23:1**);
Volkome gesondheid (**Hand 3:16**);

2. OORVLOEDIG IN GENADE

- 1Pet 1:2 …. Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!
- Jud 1:2 Mag barmhartigheid en vrede en liefde vir julle vermenigvuldig word!
- **Rom 6:1** …. Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?
- **Rom 5:17** …. veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.
- **Jak 3:17** Maar die wysheid van bo is … vol barmhartigheid en goeie vrugte, ….***overflowing with mercy and blessings***…. (**Jak 3:17**)

3. OORVLOED VAN BLYDSKAP

- Jesus het gesê in Joh 15:11 Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en **julle blydskap volkome** kan word. …*and that **your joy and gladness** may be of **full measure and complete and overflowing**.*
- Joh 16:24 Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.
- **PAULUS skryf** – 2Kor 7:4 …ek is vervul met troos; **ek loop oor van blydskap** ….

4. OORVLOED VAN HOOP

Rom 15:13 En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!

5. OORVLOED VAN GELOOF

Kol 2:6-7 Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, [7] gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging.

6. OORVLOED VAN VRYGEWIGHEID (GENEROSITY)

Luk 6:38 Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en **oorlopend** is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.
Rom 15:29 En ek weet dat as ek na julle kom, ek met die volle seën van die evangelie van Christus sal kom.
Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n **oorvloedige seën** sal uitstort nie.

Ons is NIE veronderstel om OORVLOEDIG te wees in SONDE nie – (Mat 23:32)

Luk 12:15 En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie.
*We should ….. **keep free from all covetousness** (the immoderate desire for wealth, (and) the **greedy** longing to have more); for a man's life …. is not derived from **possessing overflowing abundance** or (what) is **over and above his needs**.*

SELGROEP WEEK 7

Die Salwing van die Heilige Gees

Jy het die salwing van God wat deur jou vloei wanneer God se hart iemand anders se hart raak DEUR JOU HART. Die Salwing van God is die Heilige Gees. Hy vloei soos 'n rivier van Liefde vanaf die troon van Genade, deur die harte van gelowiges, terwyl dit LEWE bring aan elkeen wie dit aanraak.

God salf mense wat Hom meer lief het as hul eie lewe, en ander meer liefhet as hulself. Soos wat ons, ons harte oopmaak vir ander, vloei God se salwing deur ons. Wanneer ons ons harte sluit, bedroef ons die Heilige Gees en die Salwing verdwyn.

1Joh 3:17 *Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en **sy hart vir hom toesluit**, hoe bly die liefde van God in hom?*
Spr 4:23 ***Bewaak jou hart** meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.*

Die salwing van die Heilige Gees word gegee aan ons om God se liefde en krag te demonstreer. **Christus** beteken "**die Gesalfde Een** " . Omdat Christus in ons is, en ons gevul word met Sy Gees, is dieselfde salwing wat Hy gehad het op aarde, ook op ons .

Luk 4:18-19 *Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; [19] om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.*

1. Die salwing gegee om die evangelie aan die armes te verkondig
2. Die salwing gegee om mense te genees en herstel
3. Die salwing gegee om vryheid te verkondig aan die gevangenes
4. Die salwing gegee om blinde oë te open
5. Die salwing gegee om mense te bevry
6. Die salwing vloei in God se tydsberekening en verkondig God se tydsberekening.

1. OM DIE EVANGELIE AAN DIE ARMES TE VERKONDIG, om die openbaring te bring van God se liefde aan die' wat soekend is

God se salwing vloei na diegene wat honger is vir 'n aanraking van Sy Heilige Gees . Die salwing het minder te doen met die persoon DEUR WIE dit vloei as met die persoon NA WIE vloei , en die Een VAN WIE te kom , God, die Almagtige .

- Luk 6:19 *En die hele skare het probeer om Hom aan te raak, **omdat krag van Hom uitgegaan het**, en Hy het almal gesond gemaak.*
- Luk 6:20 *Toe slaan Hy sy oë op oor sy dissipels en sê: Salig is julle, armes, want aan julle behoort die koninkryk van God.*
- Mat 5:3 *Salig is die wat **arm van gees is**, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.*
  *(Greek word, "**ptochos**" which carries the implication of being a beggar, in this case a **spiritual beggar hungry for the Spirit of God.***

Die salwing kan verhinder word wanneer mense wat weier om dit te ontvang van die persoon deur wie God dit stuur. Dinge soos trots , jaloesie , bitterheid en onvergewensgesindheid kan verhoed dat die salwing vloei . Die gesalfde persoon moet gaan na mense wat dit kan en wil ontvang .

- Mat 13:57-58 *En hulle het aanstoot aan Hom geneem. Maar Jesus sê vir hulle: 'n Profeet is nie ongeëerd nie, behalwe in sy vaderland en in sy huis.* 58 *En Hy het daar vanweë hulle ongeloof nie baie kragtige dade gedoen nie.*
- Mat 10:13-14 *en as die huis dit waardig is, laat julle vrede daarop kom, maar as dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkeer.* 14 *En as iemand julle nie ontvang nie en na julle woorde nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af.*

2. OM MENSE TE GENEES EN TE HERSTEL

Hand 10:36-38 *Dit is die woord wat Hy gestuur het …..met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe **God Hom gesalf het met die Heilige Gees** en **met krag**. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en ALMAL GENEES wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.*

3. OM VRYHEID AAN DIE GEVANGENIS TE VERKONDIG

2Tim 2:24-26 en 'n dienskneg van die Here moet … bekwaam (wees) om te onderrig….. 25 Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, 26 en hulle weer nugter kan word, **VRY VAN DIE STRIK VAN DIE DUIWEL,** nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen.

2Co 10:4-5 *want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God **om vestings neer te werp**,* 5 *terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,*

4. OM DIE BLINDES SE Oë TE OPEN

2Kor 4:3-4 Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, ….

Open 3:18 …. en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.

5. OM MENSE VRY TE MAAK

Isa 10:27 En in dié dag sal sy las afgly van jou skouer en sy juk van jou nek, en die juk sal tot niet raak vanweë die vettigheid. …. That his burden will be taken away ….And the yoke will be destroyed because of the anointing oil. **(Isaiah 10:27 NKJV)**

Joh 8:36 As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees. …"Therefore if the Son makes you free, you shall be free indeed.

6. DIE SALWING VLOEI IN GOD SE TYD

Efes 2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke **wat God voorberei het**, sodat ons daarin kan wandel.

Joh 8:28-29 *En Jesus sê vir hulle:* ***Wanneer*** *julle die Seun van die mens verhoog het, dan sal julle weet dat dit Ek is; en uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek.* [29] *En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.*

- **DIE SALWING VAN DIE HEILIGE GEES is 'n GAWE van God**

Lees (Joh 4:10) ;(Joh 4:13-14) ;

Joh 7:38-39 *Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.* [39] *En dit het Hy gesê van* ***die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo****; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.*

2Kor 1:20-22 *Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.* [21] *Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus* ***en ons gesalf het****, is God,* [22] *wat ons ook* ***verseël het*** *en die* ***Gees as onderpand in ons harte gegee het.***

- **DIE SALWING BRING WYSHEID**

(1 Joh 2:20) ;(1 Joh 2:27); (Jes 11:2); (Dan 12:3); (Spr 11:30); (Ps 90:12)

- **DIE SALWING is die RIVIER WAT VLOEI VANUIT DIE TROONKAMER VAN GOD**

(Ps 36:7-9); (Ps 46:4); (Open 21:6);(Open 22:1-2);(Open 22:17)

- **HOE DIEPER IN DIE RIVIER HOE MEER VAN DIE SALWING**

(Eseg 47:1-10) **vers:9** *En al die lewende wesens wat wemel, oral waar die dubbele stroom kom, sal lewe; ….. en dié waters sal gesond word, en alles sal lewe waar die stroom kom..*

- **SALWING KOM DEUR INTERSESSIE en BRING DEURBRAKE**

(Jes 59:16-21) ; (Jes 60:1-2)

- **SALWING BRING BLYDSKAP EN BREEK JUKKE**

(Psalms 45:3-7) ;(Jes 58:6-12)

- **SALWING IS NIE VIR DIE EEN <u>DEUR</u> WIE DIT VLOEI NIE, MAAR DIE EEN <u>NA' WIE</u> DIT VLOEI**

(Psalms 16:11) ; (Jak 4:3)

- **DIE SALWING IS BESKIKBAAR VIR ELKEEN DEUR ELKEEN**

(1 Kor 12:4-12) ;(Efes 4:11-16)

- **DIE SALWING IS KOSBAAR EN MOET MET VERSIGTIGHEID HANTEER WORD**

(Matt 12:31); (1 Kron 16:22-24) ;

50 Dae tot Pinkster

Kontak en Bestellings Besonderhede :

Pastoor Marius Swart
Sel : 0845970248
Posbus 302
Scottburgh
4180
Epos: *marius@coastland.org*
Webtuiste: *www.coastland.org*

Bankbesonderhede : M.Swart
NEDBANK Rek no: **1051703883**
Takkode: 198765

Whatsapp ons by 0845970248
En ontvang elke oggend WOORD-op-'n–DRAFSTAP